# ONTSTAAN EN PERSOONLIKHEDE IN DIE VROEË ANABAPTISME

PROF. DR. B. SPOELSTRA

## 1. ANABAPTISME

Die begrip Anabaptisme of „weer-dopery" kom uit die mond van die teenparty in die sestiende eeu: van Protestantse en Roomse kant. In werklikheid staan die Anabaptisme nie „weerdoop" voor nie, maar verwerp hulle die kinderdoop, die sjibbolet om die Anabaptisme gedurende die sestiende eeu te ontdek. Talle skrywers verkies dus liewers die benaming **Doperse rigting.**

Saam met H. Bouwman wil ek die Anabaptisme tipeer as 'n geestelike stroming wat sedert 1521 in Wes- en Midde-Europa verbrei het met die radikale prediking dat die koninkryk van die hemel op aarde gekom het, waardeur alles nuut geword het en waardeur die gelowiges, vry van die wêreld, hulleself as 'n lewende gemeente van heiliges moes openbaar.[1]) Hierdie ekklesilogie bepaal dan dat die „Heiliges" gedoop moes word.

## 2. PERSOONLIKHEDE VAN DIE VROEË ANABAPTISME

2.1. As gevolg van die konflik van die Dopers met kerk, staat en maatskappy is daar van hulle kant weinig argivaliese materiaal beskikbaar. Die meeste vroeë dopers word jonk om die lewe gebring. „Few of these men were permitted to reach any degree of experience . . . Most if not all, of the potential leaders, were cut off before they could develop depth and maturity of judgement." Verder merk Errol Hulse op dat mens kwalik reg aan die beweging kan doen, vanweë die groot verskeidenheid en onderlinge verskille. „The entire Anabaptist movement was blackened by the excesses of the minority. The catastrophe at Munster in 1535, particularly, has served to dub the Anabaptists cause as fanatical and unworthy of serious attention." In die 20ste eeu het die Marxis Ernst Bloch met 'n nuwe waardering vir die revolusionêre prinsipe van die Doperse gekom.[2]) Max Steinmetz het Das Muntçerbild von Martin Luther bis Friedrich Engels „indringend van verskillende kante in verskillende tye ontleed.[3]) 'n Herwaardering van die anabaptisme raak dus al meer aktueel in die revolusionêre eeu.

### 2.2. Die omstrede Thomas Müntzer (1489-1525)

2.2.1. Vroeër (d.w.s. die tradisie nader aan die bron) is aangeneem dat die Doperse rigting verband hou met die Zwickhauer profete. Münthzer het in 1520 as Lutherse predikant in Zwickau diens aanvaar. Die Zwickhauer-profete o.l.v. Mickolaus Storch het

hom beïnvloed. By Storch, Marcus Stübner (ook Thomä) tree die volgende kenmerke aan die dag: lumen internum bo die Bybel; 'n vleeslike chiliasme; die amp oop vir leke; buitengewone leiding van die Heilige Gees; die kinderdoop word verwerp.[4]) Die wortels van die Zwickau-rigting word gesoek by die Middeleeuse sektariese, mistiese en entoesiastiese strominge wat veral onder die Waldense, Wycliffiete, Hussiete, Taboriete in Bohemië, Morawië, Switserland en Duitsland voorgekom het, met nadruk op die Koninkryk van Christus as 'n vergadering van werklike heiliges. Hiervan wou hulle die onheiliges uitsluit.[5]) H. Bouwman sê dat die navorsing van Cornelius en De Hoop Scheffer die idee gebreek het dat Müntzer en die Zwickau-profete die Doperse rigting veroorsaak het. Prof. A. D. Pont konkuldeer dat Müntzer self nie Anabaptis was nie, maar invloed op die opkomende Anabaptisme in Duitsland en Switserland gehad het. Steinmetz[6]) beweer dat Bullinger tendensieus Müntzer aan Grebel en Mantz verbind het om die Lutherse te verweer teen die verwyt dat die Dopers uit Zwingli ontwikkel het en om staatsoptrede teen hulle te verseker. Steinmetz meen sy motief om kerk en straat intiem te verbind, Bullinger se geskiedskrywing van 'n tendens voorsien het.[7])

2.2.2. Dit is egter 'n feit dat Müntzer met sy leer van die inwendige lig, 'n koninkryk van God op aarde met 'n kommunistiese gelyke besit waarmee hy in die Boereopstand opereer — die tema van die Godsryk van ware gelowiges met die Dopers gemeen het, terwyl hy in die Boere-bywoners allermins 'n leër van eksklusiefgedoopte heiliges gehad het.

2.2.3. Müntzer is gebore uit 'n arbeidergesin. Hy het 'n opleiding geniet en grade Magister Artium en Baccalaureus Theologiae verwerf te Leipzig en Frankfurt an der Oder. Die belangrikste invloed uit sy studietydperk sou wees sy ensiklipediese kennis van die Bybel; die Rennaissance-humanisme met voorliefde vir die klassieke tale en filosowe, die patristiek, die mistiek van Tauler en die spiritualistiese apokaliptiese werk van Joachim van Fiore. Daarbenewens was hy opgelei as Roomse priester. In 1519 het hy Andreas Bodenstein (Karlstadt) en Luther ontmoet tydens laasgenoemde se beroemde gesprek met Johannes Eck. Karlstadt en Müntzer het mekaar beïnvloed. Sy verblyf in Zwickau wek sy geloof in die inwendige lig en sy idee oor homself laat hom as 'n besondere geroepene en Godgesant aandien, 'n herout om die koms van die volmaakte Godsryk aan te kondig. Hy breek dus geleidelik radikaal met Luther se sola Scriptura-beginsel.

Die Raad dwing Müntzer in 1521 om die stad te verlaat. Hy bevind hom in Praag en kla in 'n Manifest die leidsliede van die armsalige Roomse Christendom aan; onderskei uitverkorenes

(koring) en veroordeeldes (kaf) en begin die idee van 'n oestyd en eskatologiese advenstad loods. Gedurende 1522 tot 1523 swerf hy deur Duitsland. Van 1523 tot 1524 bedien hy Allstedt. Hy bots hier op hoë toon met graaf Ernest I van Mansfeld en gevolglik met keurvors Frederik III van Sakse. Ondertussen lewer hy waardevolle werk om die erediens te hervorm en in die Duitse volkstaal te giet. Hy stig hier sy Verbond van uitverkorenis. Bloch roem Müntzer omdat hy die proletariaat (die mynwerkers van Mansfeld en later die bywonerboere) en die chiliasme verbind tot 'n kommunistiese ryk.[8]) Müntzer het waarskynlik 'n verkerklikte Godsryk bedoel, wat Bloch in terme van die revolusie vertolk. Hy kom met 'n leer van opstand na vore en rig hom teen die politieke en sosiale strukture. Hy word gevolglik die leier te Mühlhausen in die revolusionêre beweging van die kleinboere van Türinge en boet daarvoor met sy lewe op 25 Mei 1525.[9])

2.2.4. Een van die punte waarop mens met Bloch kan saamstem, is dat Müntzer 'n reaksie figuur was, 'n opportunis met 'n diepgeankerde wrok teen die staatstruktuur van sy tyd. Sy opvattings kom derhalwe deurgaans vloeibaar voor. Hoewel hy miskien nie Dopers was nie, het hy in sy tyd tog die basiese begrip van die Dopers nabygekom met sy Verbond van uitverkorenes en apokaliptiese en kerklik-sektariese tydsverwagting.

## 2.3. Die Dopers van Zürich

### 2.3.1. Conrad Grebel (± Zürich 1498-1526)

Grebel stam uit 'n welgestelde prominente Zürichse familie. Hy het 'n goeie opleiding in die humanisme gehad aan die universiteite van Basel, Wenen en Parys tot 1521. Hy het in 1521 getrou, sy studie gestaak en in 1522 bekeer Zwingli hom tot die reformatoriese geloof. Hy het hom volledig by Zwingli se hervormingsprogram ingewerp, maar teen die einde van 1523 begin hy vervreem omdat volgens hom Zwingli die Raad van Zürich sodanig konsidereer het dat dit die hoop op 'n evangeliese hervorming van die Duitssprekende kerke verydel. Dit kom neer op 'n „lou" hervorming, Zwingli sou self destyds nie die leer van die kinderdoop onderskryf het nie. (Hulse, a.w. p. 7.)

Teen die einde van 1524 bereik die verhouding tussen Grebel en Zwingli 'n breekpunt. Grebel het van Zwingli oorgeneem dat kinders deur Christus gered is en geen seremonie nodig het om die verlossing te „verseël" nie. Sy begrip van die Nuwe Testament het hom oortuig dat die Skrif 'n vrye kerk t.o.v. die staat voorskryf wat slegs deur die Woord en Gees gelei moet word. Die dissipels van die Vredevors kan in geen omstandighede gemoeid raak in oorlog nie. Zwingli oponeer dan Grebel se verwerping van die owerheidsbelang in die kerk en die kinderdoop.

Grebel het Zwingli voor die Raad op 17.1.1525 in 'n openbare diskussie ontmoet en slegs die doop van belyders bepleit en die jurisdiksie van die Raad in kerksake betwis. Die Raad het onmiddellik beveel alle kinders gedoop moet word en kort daarna Grebel en sy kollega Felix Manz se Bybelstudie vir leke belet.

Grebel met sy vriende het 'n nag in 'n huis saamgekom om te raad en te bid. 'n Priester George uit die huis van Jacob, algemeen as Blaurock bekend het onder gebed plotseling van Grebel die „doop vir gelowiges" gevra en ontvang. Daarna het Blaurock die ander aanwesiges gedoop.

Die Switserse Broeders het self in prinsipe tog 'n kerk vry van die staat gevorm. J. C. Wenger noem dit die „first modern Free Church"[11]) (Dan moet hy die Waldense en Hussiete buite rekening laat as middeleeus.)

Grebel, Manz en Blaurock met hulle vriende het entoesiasties hulle leer uitgedra. William Barlow in Engeland onderskei in 1531 drie duidelike protestantse strominge t.w. Lutherane, Oecolampadiane of Zwingliane en Anabaptiste. Hoewel hy laasgenoemdes se ekstremisme afwys, voel hy ook aangetrokke tot hulle. Hy gee hulle opvatting soos volg weer: hulle erken slegs diegene wat weer gedoop is as hulle broeders; hulle verwerp die kinderdoop; dit is volgens hulle onmoontlik dat konings, prinse, magistrate en goewerneurs christene kan wees; hulle verwerp die reg om n' eed van enige christen in die howe te eis; 'n christen moet geen weerstand bied teen sy vyande nie; hulle onderhou 'n uiterlike heiligheidskultus met reëls, vaste en langdurige Bybellees en trag om 'n heilige perfeksionisme te vertoon; hulle help mekaar en besit hulle goedere gemeen; hulle val Luther en Oecolampadius aan en sê dat hulle die evangelie maklik maak om slegter as die papiste te lewe; gevolglik vervolg die reformatore ook diegene wat heilig wil lewe.[12])

Hierdie weergawe ag ek belangrik. Barlow gee in Engeland 'n tydgenootlike sinopsis in 1531, wat blyke van kritiese en tog ook simpatieke waarneming gee.

Wenger gee die program van Grebel soos volg weer: hy wou 'n Bybelgetroue kerk vorm; die kerkregering moes van die Woord en Gees van God uitgaan; kerk en staat moes radikaal geskei word; die maatskappy moet evangeliseer word, want die massa (in naam christene) toon met hulle lewe dat hulle nie wedergebore is nie; die mens moet opgeroep word tot boete, geloof in Christus en verseëling van die dissipelskap met doop, by voorkeur deur onderdompeling; 'n Bybelse tug wat Bybelse norme op die sedelike lewe in die kerk aanlê; om te lewe ooreenkomstig die voorskrifte van die Nuwe Testament; uitgesproke leer van passifisme of „suffering love" en veroordeling van alle vorme van geweld, militêre diens en politieke ampte; om die reëls van die Nuwe Testament (d.w.s. eintlik die Bergrede) letterlik na te leef en daarom verwerp hy die eed op

grond van Matt. 5:34. Vir Grebel was die beginsel **sola scriptura)** allesbeheersend. Soos Zwingli wou hy derhalwe ook by die nagmaal niks oorhou wat nie in die Skrif gebied is nie. Hy vra 'n eenvoudige plek van samekoms sonder beelde of heilige voorwerpe. Daar moet broederlike dissipline uitgeoefen word met die Tien Gebooie en Matt. 18. Hy vermaan Müntzer in Allstédt t o.v. die gerugte van gewapende opstand en wys op die passifisme en martelaarskroon, die geredde toestand van kinders, die doop van die bekeerde dissipels van Christus. Tegelyk veroordeel hy die opvattings van „Wittenberg" in krasse taal. In sy brief 5.9.1524 aan Müntzer in Allstedt verwag hy reeds dat Zwingli vervolginge teen hulle gaan instel. Op voetspoor van Zwingli verbied hy alle sang in die erediens (waarskynlik omdat hy slegs die Latynse liturgie geken het). „The Reformers, Grebel felt, did a disservice to the gospel by not setting up a church which was wholly obedient to the Word of Christ."[13]) Grebel is die „youthful reformer" op wie die Mennoniete en die groot Baptiste Kerk hulle beroep. Grebel is op die ouderdom van 28 in 1526 in die gevangenis aan die pes oorlede. Doperse gemeentes het in die Alpe opgespring en die owerhede van die kantons moes ernstig met hulle reken. Op 29.12.1529 het die Raad van Basel 'n publieke diskussie gereël en die beweging verbied. In Bern vind 'n disputasie van 1 tot 9 Julie 1532 te Zofingen plaas en die beweging is veroordeel. Dieselfde gebeur in Appenzell en Aargau. Blaurock, 'n sterk prediker het die saak bevorder te Grisons en Chur, maar hy is verbrand op die brandstapel 6.9.1529. Na die publieke veroordeling het talle kantons hulle kwota dopers met die dood gestraf en ander verban. In Zürich, die stad van Zwingli, was die straf by voorkeur verdrinking en so het gevierde prediker Felix Manz op 5.6.1527 die marteldood gesterf.[14])

Onder historici bestaan nie die minste twyfel nie dat ons in hierdie Switserse Broeders rondom Conrad Grebel die eintlike Anabaptisme of Baptistiese stroming aantref nie. Ek wil egter tog waarsku dat ons nie te veel in kompartemente moet dink nie. Ek wil terugkom op die merkwaardige brief van Grebel (eers 'n volgeling van Zwingli) reeds op 5 September 1524, d.w.s. meer as vier maande voordat die Raad van Zürich teen hom opgetree het aan Thomas Müntzer (eers 'n volgeling van Luther) in die volle oortuiging dat hulle geesgenote is.

### 2.3.2. Balthasar Hubmaier (1480-1528)

B. Hubmaier was ook universitêr geskool onder leiding van dr. Eck met wie Luther gedisputeer het te Leipzig. Hy was priester en het in 1523 o.l.v. Zwingli e.a. tot die reformasie oorgegaan, omdat sy parogie te Waldshut naby Zürich was. Twee jaar later verwerp hy die kinderdoop (1525). Walker beskou hom egter as 'n bekeerling

van Luther in 1522 en hy meen Zwingli het in 1523 sy gevoelens oor die kinderdoop gedeel.[15]) Hy het spoedig 'n paar honderd volgelinge gedoop en tot 'n groeiende Bybelgebonde gemeenskap gevorm. Waldshut het betrokke geraak by die opstand van die Duitse kleinboere (waarskynlik buite Hubmaier om.[16]) Bloch beweer egter dat ‚de geweldadig communistisch tendenzen" van Müntzer Hubmaier en die Zürichse Dopers aangegryp het. Dit het 'n aardse kommunistiese ryk met die Christus — eskatologie verbind. Hierin het Hus en die Taboriete seker invloed op Müntzer en Hubmaier gehad. Hus het immers die kerk as gemeenskap van uitverkores teenoor die antichris en sy volgelinge onderskei; Christus as enigste hoof van die kerk en daarom vry van die staat bely; hy was bedroef dat die kerk tot 'n wêreldryk verlaag is en wou dit na die Skriftelike model terugvoer. Hus het selfs geleer dat die aardse besit eintlik slegs die regverdige toekom. Volgens Neander het die misverstand van Hus ligtelik gelei tot „omkeering van alle maatschappelijke orde".[17]) Die invloed van die klankorde met 'n sterk represtinasie motief gerig op die apostoliese kerk en die Taboriete speel ongetwyfeld 'n groot rol onder die vroeë dopers. Die spiritualisme en kommunisme van Müntzer sou so met Hubmaier en die Taboriete gekorrespondeer het.[17])

Hubmaier vlug na Zürich word gevang en gemartel en sou sy anabaptisme verloën het. Net soos Müntzer gaan hy dan na Morawië, kom na Nikolsburg, preek, doop en bedien eenvoudige nagmaal en voetwassinge totdat die groothertog Ferdinand van Oostenryk hom laat vang en te Wenen verhoor en verbrand (10.3.1528).[18]) Sy vrou is kort daarna in die Donou verdrink.

### 2.4. Die Morawiese Baptiste

Dit is opmerklik soos Walker opmerk dat daar „many divisions among the Moravian Baptists" was.[19]) Waar Hubmaier burgerlike regering en militêre diensplig voorgestaan het, het Hans Hut hom gedurende 1526 heftig in Nikolsburg geoponeer. Hut het die einde van die wêreld in 1528 verwag en 'n radikale passifisme en 'n kommunistiese leefwyse voorgestaan.

Hut het met duisende volgelinge 'n gemeenskap volgens sy sienswyses te Austerlitz gestig. Jacob Hutter het hulle van 1526 tot 1536 deeglik georganiseer. Hutter sterf as martelaar te Innsbruck. Sy invloed was so sterk dat georganiseerde groepe van Morawiese broeders met 'n kommunistiese leefpatroon in Hongarye, Ukraïne en selfs in die V.S.A. (1847) voortgegaan het. Ons vestig die aandag op Hut en Hutter om aan te toon hoe die Doperse groepe op mekaar ingewerk en van mekaar verskil het. Volgens Bloch het talle Müntzer-dissipels gevlug en hulle by Hut geskaar (a.w.p. 83). Die Dopers het op 20.8.1527 'n sinode (Martelaarsinode) gehou. Daar is

aandag aan Hut se apokaliptiese gedagtes gegee .Hy het homself as 'n profeet beskou en geleer dat die vervolging van die heiliges gevolg sou word deur 'n vernietiging van die Duitse ryk deur die Turke. Daarna sal die heiliges saamkom, die wêreldlike regeerders oordeel en Christus sal sigbaar op aarde by hulle woon. Hut moes beloof om die gedagtes vir homself te hou, omdat die ander nie daarmee saamgestem het nie.

Die Sinode het „sendelinge" (vgl. Matt. 28: sending en doop) uitgestuur na Oostenryk, Salzburg, Beire, Worms, Basel en Zürich en feitlik al hierdie sendelinge het die marteldood gesterf. Hans Hut is in Augsburg gevang, het verbrand in 'n ontsnappingspoging en aan sy wonde beswyk. Sy liggaam is nietemin nog op 7.12.1527 in die openbaar verbrand.

### 2.5. Vroeë Duitse Dopers

#### 2.5.1. Hans Denck 1495-1527

Hubmaier sou Hans Denck in Mei 1526 gedoop het, terwyl Denck weer Hans Hut sou gedoop het. Die arbeid van Denck bring Augsburg pertinent onder die aandag as vroeë Duitse setel van doperse bedrywigheid.

Net soos talle ander doperse leiers is Denck 'n goedontwikkelde humanis vir sy tyd. Hy skakel ook sterk met die Zürichse hervormers, sodat Oecolampadius hom in 1523 aanbeveel as rektor vir die St. Sebastiaanskool in Neurenberg. Hy kom daar onder invloed van Müntzer en word verdryf (1524) na Augsburg en later uit Strassburg. Sy opvattings was spiritualisties misties, verwerp alle sigbare kerkorganisasie en plaas die geloof in die Skrif. Christus is die grootste voorbeeld van liefde en 'n mens kan perfektheid bereik en sonder sonde lewe. Walker noem sy opvattings „Christian Platonism and mysticism, especially 'German Theology".[20])

By Denck is die opmerklike dat hy Müntzer en daarna Hubmaier leer ken, invloed op Hut uitoefen, maar uiteindelik die doperse anabaptisme verbygaan en as humanis met etiese opvattings aan die pes te Basel in 1527 sterf. Hy word beskou as een van die eerste voorlopers van die antitrinitariërs wat in Jesus slegs 'n voorbeeld en verkondiger van liefde vind en sy godheid loën.[21]) Denck het in 1526 te Strassburg 'n publieke disputasie met Bucer gehou en vir Bucer na die „pous van die anabaptiste" gelyk.

#### 2.5.2. Ludwig Hätzer (1500-1529)

Hy was 'n vriend van Zwingli en van Denck, was ook in die humanisme gespesialiseer en het die mistisisme van die Theologia Germanica ingedrink. Hy is ook uit Zürich verban vanweë sy doperse

leerstellings, lei die radikales in Augsburg (1525), oponeer Oecolampadius in Basel, woon dan in by Capito in Strassburg. Hy help Denck om die profetiese boeke van die Ou Testament in Duits te vertaal, moes met Denck uit Worms vlug en is in 1529 veroordeel en gedood in Konstans op 'n waarskynlik valse aanklag van owerspel.[22]) Volgens Ranke was hy eintlik die eerste wat destyds die godheid van Christus geloën het.[23]) Hy en Denck was geesgenote.

### 2.5.3. Michael Schlatter

Van 1528 tot 1533 maak die eertydse monnik Michael Schlatter Strassburg, alwaar 'n doperse gemeente sedert 1526 bestaan het, 'n vesting vir die dopers. Hy onderhou kontak met Capito (wat simpatie met die dopers gehad het) en Bucer. Na die verbanning van Denck verlaat hy vrywillig die stad. Hy het op 24.2.1527 presideer op die Doperse beraad te Schlatt, alwaar gepoog is om die Switserse en Slawiese dopers te verenig. Die Raad het sewe artikels wat Schlatter opgestel het, aanvaar: doop van gelowige belyders; die kerk bestaan uit lokale gemeenskappe van gedoopte wedergebore christene, verenig deur gemeenskaplike nagmaal; die enigste tugwapen is ekskommunikasie; absolute breuk met die vleesaanbidders in Roomse, Lutherse en Zwingli-kerke word vereis; elke gemeente moet sy eie ampsdraers verkies en deur hulle tug en dissipline uitoefen; die gebroke wêreld vereis burgerlike regering, maar christene moet nie meedoen nie; geen militêre deelname of eedswering nie. Schlatter is kort hierna op die brandstapel te Rottenburg veroordeel (21.5.1527) en sy vrou verdrink.

### 2.5.4. Pilgram Marpeck (? - 1546)

Hierdie invloedryke en gesiene ingenieur uit Tirool het die dopers in Strassburg gelei. Hy is verban in 1532 en het toe na Augsburg gegaan en sy opvattings verdedig in sterk biblisistiese trant. Hy het in 1542 'n soort Kategismus die lig laat sien as „Vermanhnung Oder Taufbüchlein". Hy en Caspar Schwenkfeld (1489-1561) was spiritualisties-pietisties en bekend as Duitse evangeliese groep.[24])

### 2.5.5. Melchior Hoffman (1498-1543)

Melchior Hoffman is gebore in Hall in Swabe uit 'n handwerkfamilie en was self 'n bontwerker. Hy was 'n persoon met besondere gawes, maar het geen teologiese of wetenskaplike opleiding gehad nie. In hierdie opsig verskil hy dus opvallend van talle vroeë Dopers.

Hy is tweedens opvallend omdat hy so baie rondgereis het en feitlik dieselfde landreis tussen die godsdienstige strominge van sy tyd gemaak het. Hy word tot die Lutherse reformasie bekeer in

Lyfland omstreeks 1523 en tree dadelik op as prediker van Lutheranisme in Wolmar (Lyfland); word ingekerker en uiteindelik verban. In 1524 tree hy op in Dorpat, word geoponeer deur Roomse en „evangeliese". Toe die biskoplike slotvoog hom vang, kom die arbeiders in oproer en ontset hom. Hoffman het die oproer, beeldestorm en aksie teen die domhere en kloosters afgekeur. Hy vertrek na Riga en kom in 1525 te Wittenberg aan, alwaar hy guns verwerf by Luther en Bugenhagen. Hy publiseer sy gevoelens in 'n brief waarin hy die regverdigmaking deur die geloof en die predestinasie voorstaan. In die brief dring hy egter ook sterk aan op heiliging van die lewe en gee blyke van 'n sterk eskatologiese motief. Terug in Dorpat bots hy egter met die Lutherse predikante omdat hy homself as 'n goddelik-geroepene teenoor die predikante as menslik-geroepenes aandien. Hy word sieketrooster te Reval. Hierna vertrek hy na Stockholm, tree daar in die huwelik en skryf twee boeke: **Formaninghe** en **Uitlegging van die 12de Hoofstuk van Daniël.** Hieruit blyk dat hy nog Luthers was, maar oor die nagmaal begin hy verskil en hy begin oor die owerheid anders dink en verwerp reeds die eed. Hy skryf aan homself profetiese gawes toe en verkondig die wederkoms van Christus vir 1533.

Nicolas Amsdorf tree teen hom in die kryt, koning Gustaaf verbied hom in 1527 om in sy ryk te preek. Hy gaan na Lubeck, alwaar die Lutherse predikante gevang word en hy uitwyk na Maagdenburg en hom in 'n boekie teen Amsdorf verdedig. Wanneer hy Luther weer ontmoet, blyk dat Luther hom nou liewer bontewerker as prediker sien. Dit bring 'n definitiewe rigtingverandering by Hoffman teweeg.

Van Wittenberg gaan hy na Maagdenburg en nadat hy daar gevang was, na Kiel (Holstein). Frederik I van Denemarken gee hom verlof om te preek, maar toe hy **„Inhalt und bekenntenisse vom Sacrament und Testamente des leibes und blutes Jesu Christi'** publiseer, brand 'n felle Lutherse protes teen hom los. Luther self het (1528) hertog Christiaan van Sleeswijk-Holstein teen Hoffman gewaarsku. Die koning het 'n openbare dispuut op 8.4.1529 beveel, alwaar Hoffman sy opvattings, wat hoofsaaklik met dié van Karlstadt ooreengekom het (en t.o.v. die teken, seël en gedagtenis aspek deur Calvyn onderskryf sou word) vrugteloos verdedig. Na sy verbanning gaan hy en Karlstadt na Oos-Friesland maar in dieselfde jaar nog kom hy in Straatsburg, ontmoet Bucer en Schwenckfeld en gee sy **„Uitlegging van Johannes"** (1530) uit. Daarin verbind hy die tydsgebeure aan sy profetiese insigte. Daardeur vervreem hy die predikante van hom.

Hierdie vervreemding bring 'n verdere definitiewe koersverandering na vore. Hy begin hom tot die Dopers aangetrokke voel en die predikante verag. Hy gaan almeer in 'n mistiese en apokaliptiese rigting op.

Toe hy 'n kerkgebou by die Raad aanvra, word hy in 1530 verban. Hy het hom waarskynlik in hierdie tyd laat doop, en ook doperse sienswyses begin voorstaan.

Hy vestig hom nou te Embden in Oos-Friesland, alwaar 'n groep met doperse simpatië reeds 'n paar jaar aktief was. Landwehr neem ook dat die gebruik van die naam Wederdoper toe hier ontstaan het. In hierdie kring is hy geroem as die „Elia" wat die wederkoms van Christus voorafgaan. Hy wil geen Wederdoper wees nie omdat hy hom van die Switserse Dopers wil vér hou, maar tegelyk handhaaf hy nou die doop as kenmerk van die ware gelowiges. Sy gemeente noem hy „Waaragtige dissipels van die ewige Woord". Hulle noem hulleself, teenoor die skeldname. „Bondgenote". Toe die predikante aandring op sy verbanning, stel hy Jan Volkertzn (Trijpmaker), in sy plek aan (wat saam met 8 volgelinge 1531 in Den Haag onthoof is), publiseer sy belangrikste werk **Die Ordonnantie Gods** as verklaring op Matt. 28:18 e.v. Hy gaan in 1531 weer na Straatsburg om 2 bondgenote" te versamel, hoewel die Dopers daar hom ook afgewys het vanweë sy antipatie teen die Switsers. In 1532 was hy weer in Friesland, in 1533 weer in Straatsburg, alwaar hy invloed wen.

Hy slaan nou 'n definitiewe apokaliptiese rigting (voor 1533) in om 'n „nuwe Jerusalem" in Straatsburg te stig, waarvan die gesante moes uitgaan om „die Doop van die Bondgenote" oor die aarde te laat seëvier. Hy verwek doelbewus provokasie deur 'n werkie **„Von dem Schwert"** teen die owerheid te skryf. Gedurende 1533 vind 'n driedaagse dispuut van hom en Schwenckfeld teen Bucer en die predikante plaas. Hy word opgesluit in 1533, vir hom 'n oorsaak van blydskap. Gedurende sy aktiwiteite het hy ook hier kontak gehad met Bernt Rothmann te Straatsburg, met wie hy ook gekorrespondeer het. Dit is moontlik dat Calvyn hom tydens sy gevangenskap ontmoet het. Balke neem dit aan omdat Calvyn juis geslaag het om talle sogenaamde Melchioriete, o.a. Jean Stordens, die eerste eggenoot van Idellette van Buren, tot die gereformeerde religie te bekeer. Hy het in 1538 aan Farel geskryf dat die „pestilensie" onder die eenvoudiges van die stad verbrei het en hy met alle mag die beweging wou stuit.[25]) Hoffman is in 1543 in gevangenskap oorlede.

Hoewel Bloch Hoffman wil roem as die opvolger van Müntzer wat die revolusie gered het en na Nederland uitgebrei het,[26]) het Balke oortuigend aangetoon dat Hoffman met sy eskatologie 'n mistiek en wêreldmyding met volkome passifisme voorgestaan het en die volmaakte ryk d.m.v. sy bondgenote vertikaal verwag het — terwyl Müntzer (en Matthijs) d.m.v. revolusie teen die owerheid met geweld die eskatologie wou verwesenlik. Daarteenoor het Calvyn die volmaaktheid konsekwent as 'n eskatologiese gawe in Christus gesien.[27])

### 2.6. Nederlands-Duitse vroeë Dopers

#### 2.6.1. Jan Matthijsen of Matthijs zoon

Jan was 'n bakker van Haarlem en seun van 'n wewer en hy het Jan Volkertzn Trypmaker in die Amsterdamse gemeente van Bondgenote opgevolg. Hy was skynbaar reeds in 1528 'n aktiewe Doper te Haarlem en het op 'n stadium twaalf apostels uitgestuur. Hy was 'n somber, hartstogtelike man, met 'n swart baard en indrukwekkende persoonlikheid. Hy kon deur vrees en opswepery die menigte beweeg. Aanvanklik volg hy Hoffman, verstoot sy ouerige vrou en neem 'n jong dogter.

Weldra gaan hy op sy eie weg en wyk van Hoffman af. Hy beroep hom op onmiddellike openbaringe en stel homself bo die Skrif. Hy dien hom as die tweede Henog aan en beloof om met sy volgelinge die groot ommekeer te bewerk. Hy stuur sy twaalf dissipels twee-twee uit om die oordeel oor Babilon aan te sê en die oestyd te verkondig. Opvallend vind hulle steeds 'n aanhang, veral in Münster in Wesfale. Toe die Dopers die stad onder beheer kry, stroom gelykgesindes van oral vandaan, selfs uit Nederlande, daarheen, menende dat dit die nuwe Sion was. In Münster het Bernt Rothman die weg berei.

Matthijsen het hier 'n gemeenskaplike besit van goedere ingevoer; 'n sabbatjaar aangekondig waarin alle skuldbriewe opgeskeur kon word en renteverpligtinge vervalle verklaar is; biblioteke verbrand is en slegs die Bybel behou is.

In 1534 het die biskop, gesteun deur 'n aantal vorste, Münster beleër. Die fanatieke M. het verklaar dat hy Gideon is kragtens 'n openbaring van God en op paasfees het hy uitgetrek met 'n klein bende om die stad te verlos.[28]) Die einde spreek vir homself.

#### 2.6.2. Jan Beukelzoon of Jan van Leiden

Hy is gebore uit die arbeiderklas van Münsterland; opgevoed in Leiden tot kleremaker; werk in Engeland en Vlaandere; word koopman in Leiden na sy huwelik; later herbergier en vermaak sy gaste met sy toneelspeltalente. Hy ontmoet Hoffman en kom onder sy invloed en word in 1533 deur Matthijsen gedoop en in 1534 gaan hy na Münster alwaar hy met B. Rothman en Matthijsen saamwerk. Na die biskop uitgedryf was, beywer hom ook vir die „teokratiese demokrasie".

Met die dood van Matthijsen word hy hoof in Münster, feitlik koning van Sion, met 'n skitterende hofhouding. Op die voorbeeld van die patriarge voer hy poligamie in en hou 17 vroue daarop na. Hy was 'n bloeddorstige terroris, wat selfs een van sy vroue eiehandig onthoof het terwyl die ander moes toekyk en sing: „Aan die

hoë God alleen die eer." In 1535 het Münster en sy koninkryk geval, en ten spyte van die voorspraak van Fillips van Hessen ,is hy saam met Knipperdolling en Krechting in die St. Lambertuskerk tereg gestel en het Münster Rooms geword.[29])

## 3. ENKELE DIAGNOSTIESE OPMERKINGS OOR DIE VROEË DOPERSVERSKYNSEL

1. Die meeste leiers in die vroegste Anabaptisme was manne wat net soos Calvyn e.a. goed geskool was in die wetenskap van daardie Rennaissance-tydperk, met sy nadruk op die **humanisme**.

2. Hulle volgelinge het soos Calvyn aan Farel opgemerk het en Lattourette ook beweer,[30]) meesal uit die eenvoudige lae gekom, maar daar was ook patrisiërs onder hulle.

3. Dit is opmerklik dat feitlik alle vroeë anabaptiste 'n draai of by Luther of by Zwingli en hulle medestanders gemaak het. Daar was goeie kontak tussen die hervormers en sommige vroeë anabaptiste.

4. Skynbaar het van die hervormers soos Zwingli en moontlik Bucer simpatie gehad met die idee van die doop van volwassenes, maar het hierdie manne die reformasie in bondgenootskap met en soms ook na die smaak van die burgerlike en politieke owerhede voltrek, en daardeur het diegene wat 'n radikaal onafhanklike kerk (moontlik op Waldensiese patroon) voorgestaan het, vertroue verloor en aangegaan. Dit is opmerklik hoe ver Karlstadt gemoeid was saam met Müntzer en later Hoffman.

5. Die Dopers was baie goed op hoogte met geesgenote, selfs voordat hulle deur vervolging na hawes moes soek en voordat hulle offisiëel gebots het, soos blyk uit Grebel se brief aan Müntzer, die besoeke van Müntzer, Hut, Hubmaier e.a. aan die Morawiese Broeders; die kontakte in sekere stede soos Augsburg, Strassburg, Münster e.a. As Grebel uit Zürich op 5.9.1524 aan Münster skryf omdat hulle hom as „broeder" beskou „durch dass einig gemein wort allen bruderen und glaubigen" en sy oordeel verlang oor hulle geloofsartikels nadat hulle „auch din schriben zweier büchlinen von dem erdichten glouben geursacht"[31]) — dan dink ek is bewys dat hierdie mense deur Münster beïnvloed was en hom in sekere opsig nagevolg het soos ander Zwingli of Luther wou volg — sonder dat daarmee gesê kan word dat hulle 'n leersisteem presies so oorgeneem het. Dit was meer 'n gemeenskaplike aanvoeling en benadering — 'n manier van doen, eerder as 'n konfessionele eenheid. Hoewel die Anabaptiste **niks** met die rebellie van die kleinboere te doen het nie en Müntzer alles daarmee gemeen het, kan ons saam

met Lattourette hom tog maar met die Dopers verbind, want al het hy dit min gedoen, „he rejected infant baptism and therefore, if the term were sufficiently inclusive, could be grouped with them".[32])

6. In die analise van die lewensloop van die Dopers val dit op dat daar definitiewe stadia voorkom, dog die verloop in verdere stadia kom sommer in n' jaar of wat na vore. Die meeste kan suiwer Luthers wees vir 'n jaar of twee na 'n goeie humanistiese universitêre studie — ontwikkel dan hierdie en dan daardie eienaardighede en afwykende standpunte — en feitlik almal rondom die tema van die teokrasie: Godsregering in 'n suiwer kerk, Godsregering in 'n vrye kerk, Godsregering in 'n gerealiseerde Koninryk op aarde, Godsregering in 'n chiliastiese ryk.

7. Daar skyn 'n groot mate van reg te wees vir L. Verduin se titel vir sy werk. „Reformers and their stepchildren" (Michigan, 1964). Die werk van Balke „Calvijn en de Doperse Radikalen" wil 'n mens oortuig dat indien Luther en Zwingli soos Calvyn onafhankliker teenoor die staat met sy ou reste van die corpus christianum, ius patronatus in sacra en die feudale reg waarin die vors vir die geestelike versorging verantwoordelik bly, gestaan het, sou die anabaptisme waarskynlik nooit die afmetings aangeneem het nie. Opmerklik genoeg het juis Bucer die ampsbediening ontwikkel op bane wat nogal toegewings aan die dopers openbaar en Calvyn het by hom aangesluit. Bucer en Calvyn het juis daarom in 1538 te Strassburg 'n disputasie met die dopers gehad, waarin die dopers hulle gelyk gegee het. Calvyn se idee oor die gemeente en tug deur die bediening van die Woord en ekskommunikasie moes baie dopers tevrede gestel het, sodat soos Balke aantoon, weinig doperse beweginge in opposisie teen Calvyn ontwikkel het en Calvyn deurgaans verdraagsaamheid en ekumeniese begrip vir die dopers openbaar het. Sy afkeur was prinsipieël die sterkste en tog het hy die effektiefste by anabaptiste ingeslaan en die verskynsel geweer in Geneve.

## 4. GEVOLGTREKKING OOR DIE OORSAKE VAN DIE ANABAPTISME

### 4.1. Is die anabaptisme die logiese vrug aan historiese ontwikkeling uit verwante strominge en skole?

4.1.1. Lattourette sê: „Anabaptists were manifestations of a continuing strain in Christianity which had been present from the very beginning and which before and since the Reformation has expressed itself in many forms."[33]) Leopold von Ranke verbind die strewe om die uitverkore heilige gemeente en gemeenskap te vorm reeds met die strewe by die gelowige Jode om met die Talmud

hulleself af te grens vir die laaste dag waarin hulle die heerlikheid beërwe en die ander die oordeel ontvang.[34]) Baie duidelik is die represtinasietendense met die Bybel as bron: die profete-figure, die goedere gemeenskappe, die rigoristiese kasuïstiek met die Tien Gebooie en Bergrede, ens.

4.1.2. Vergelykbare en parallelle praktykte en opvattings tussen die Dopers en baie ou strominge in die Ou Christelike Kerk kan aangewys word: **Montanisme** in die 2de eeu met die repristinasiesug, die profete-figuur, die lumen internum, die asketiese wêreldmyding, profetisme, die apokaliptiese en eskatologiese motiewe, die oop-kanon, die heilige kerkvorming en radikale antitese teenoor die heidendom, die martelaarsug, kasuïstiek en rituele, dweepsug, fanatisme, veragting vir geïnstitueerde kerk en verwerping van die kinderdoop; Donatisme met hulle beginsel van **herdoop** van ketters en herwyding van gevallenes in die 4de eeu, die fanatisme teen die kerk om te suiwer en te ontdaan van altare, gereedskappe en die kernprobleem waarmee Augustinus te doen kry, die heiligheid van die kerk; die **Novatiane** in die 3de eeu met hulle rigoristiese tug en beskouing van hulleself as **diekatharoi**; die **Ariane** in die 4de eeu wat die godheid van Christus en die Drie-eenheid loën; die neo-platonisme met die teenstelling van stof en gees as wêreld en kerk; die askese met sy mistiek ens.

Daar is egter geen historiese lyn van hierdie beweginge na die Anabaptisme nie — en ook geen bewys dat doperse leiers hierdie strominge gaan bestudeer het en toe kom beproef het nie. Dit lyk baie meer asof die **Dopers** op eie stoom by opvattings uitgekom het wat vergelykbaar is met soortgelyke oortuiginge in die eerste vier eeue van die Nuwe Testament kerkgeskiedenis.

4.1.3. Die neerslag van bepaalde Roomse opvattings, wat derhalwe tot 'n soort sinkretisme met reformatoriese beginsels sou dwing, kan baie verklaar. Die teenstelling tussen natuur en genade verklaar die doperse wêreldmyding; die Roomse nadruk op goeie werke verklaar die behoefte dat die regverdiging van die sondaar deur geloof gou agter gestel word by 'n neiging om van die evangelie 'n nuwe wet te maak en so aan te sluit by die Middeleeuse askese en werkheiligheid; die Roomse teokratiese ideaal met die kerk as teokrasie teenoor die wêreld; die Roomse nadruk op die doop as conditio sine qua non om in die Godsryk opgeneem te word, kan verklaar waarop Blaurock plotseling die ingewing gekry het in Zürich wat ook die Donatiste geken het, ens.

4.1.4. Die neerslag van die Middeleeuse worsteling met die gesekulariseerde kerk moes die aarde voorberei het: Beghijnen en Begharden wat deur vereniging 'n soort heilige en kommuniale lewe

wou voer; die askese en kloostermistiek as teenpool vir die sekularisasie en verval onder die Roomse geestelikes; die kruistogte en idee van heilige oorloë vir Christus; die sterk Bybelgebonde proteste teen die Roomse Kerk van Gansfort, Wycliff, Hus, en andere. Dit moet n' mens opval dat die geografie reeds aantoon dat die Taboriete en opvolgers van die Hussiete in Bohemië en Morawië 'n sterk appél tot die dopers gerig het, die idee van „heilige" kommunistiese gemeenskappe. Dit is ewe opvallend dat die anabaptisme veral voorgekom het in streke waar die Waldense verteenwoordig was, of deur staatsvervolginge in Lombardië heen versprei was — 'n feit wat die anti-politieke instelling kan help verklaar. Daar is vergelykbare tendense met die Albigense of „Katare".

4.1.5. Moontlik kom 'n mens nader by 'n bepaalde oorsaak van die doperse verskynsel wanneer jy die Rennaissance humanisme nader beskou. Daaruit het ook die herleefde Griekse ideaal van die mens van deug, (ho antropos ho agathos) na vore gekom en derhalwe ook nadruk op die wil van die mens, sy keuse en belydenis en sy verskil met die nie-goeie mens. Nog voor die hervorming het daar immers die Broederskappe ontstaan onder humaniste — juis met die oog op gemeenskaplike lewe. Die Boheemse Broederskappe, die Waldense en hierdie Humanistiese gemeenskappe plant die idee van groepvorming op gemeenskaplike oortuiginge. Vir die Waldense was hulle voorganers, dikwels uit die „leke" na vore getree, ook „volmaaktes" en hulle het gesmag na 'n eenvoudige arbeidsame lewe met hoë sedelike standaarde. By hulle kom ook reeds sterk opvattings oor die eed na vore.[35]) Hulle was juis versprei in die Alpe, aangrensende Duitse gebiede en het in 1430 met die Morawiese kerk verenig. Bloch verwys na 'n sekte Tanchelm, aan die benede-Ryn waar parapsigologiese verskynsels, glossolalie, nadruk op 'n reine lewenswandel, ens. voorgekom het. Daar was die mistiek van Tauler, die Godsvriende in Duitsland, Nicolaus se mistiek in Basel, die van Eckhardt . . . Laasgenoemde lê geweldig nadruk op persoonlike vroomheid; die gemeenskap van mens met God, feitlik die inkarnasie van God in mens en wêreld.[36])

4.1.6. Die Dopers sou volgens Zwingli en Calvyn die sieleslaap geleer het, en dit sou van Arabiese kant ingedring het en selfs Karlstadt beïnvloed het.[37]) Hulle het voorstanders van die sielslaap „dopers" genoem.

4.1.7. Die Middelleeue het die idee van die teokrasie feitlik as tema met die stryd tussen pous en keiser, kerk en ryk, oor wie dit eintlik sigbaar vergestalt. Die vyftiende eeu met die sogenaamde reformerende konsilies aksentueer mislukking van die Roomse Kerk en van die keiserryk om die teokrasie te verwesenlik. Onder invloed van Duranti (1331) van W. van Nogaret, Marsilius van Padua en

andere het die idee posgevat dat die kerk van die staat moes loskom en dat die volk self die reformasie moet bewerk.[38]) Balke sien dan ook hulle protes basies gebasseer nie op 'n sakramentsleer nie, maar op hulle ekklesiologie: die ideaal van 'n gemeente van gelowiges wat daadwerklik die Skrif gehoorsaam in kontras met die Roomse establishment.[39])

4.2. Mens ontkom egter nie aan die konklusie dat die vroeë dopers nie 'n skool was nie. Hulle was eintlik, soos so baie historici aangetoon het, 'n vleuel van die reformasie wat eintlik in 'n drang om enduit te gaan, te ver gegaan en kontak met die reformasie verloor het. Die beginsel van **sola scriptura** het aanvanklik onbetwisbaar voorop gestaan, maar miskien onder druk van die vervolging van Roomse en Lutherse en Zwingliaanse kante, oorgeslaan na biblisisme. Hulle humanisme het die leer van die verbond en verkiesing onbegrypbaar gemaak — daarom het Calvyn in sy stryd die stryd van Augustinus teen die Donatiste erken. Balke meen dat die biblisisme self Oecolampadius beïnvloed het en slegs sy navolging van Zwingli hom behou het.[40]) Die biblisiste (soos ook Lefévre d'Etaples) het nie hervorming van die kerk nie, maar vernuwing van die innerlike mens gesoek.[41]) en daarmee ook aangesluit by die humanisme. Hiervandaan is dit 'n klein hanetreetjie na die tipies doperse ideaal van perfeksionisme, „om een zichtbaar en waar lichaam van Christus op aarde te vinden in overeenstemming met het patroon van het Nieuwe Testament".[42])

Hulle humanistiese inslag het miskien juis daartoe gelei dat hulle hulle aanval op die hervorming gerig het op die tema van onvoldoende sedelike verbetering. Die dopers het egter van die Libertyne verskil, deurdat hulle aan die Bybel vasgehou het. Calvyn kon dus met Luther teenoor die dopers die volkskerk en kinderdoop vashou en ontken dat die sigbare kerk 'n afgesonderde gemeenskap van heiliges is — maar hy kon die dopers teenoor Luther ook tegemoetkom. Hy het derhalwe beklemtoon dat die kerk nie net instituut vir Woordverkondiging is nie en derhalwe die Woord oorlaat aan die hoorders nie. Hy gee aan leer en lewe aandag. „Hij verenigt in zijn ekklesiologie het ideaal van de volkskerk met dat de zuivere belijders." Gevolglik handhaaf hy die tug as senuwee van die kerk. Ook sy sterk standpunt oor die onafhanklikheid van die kerk teenoor die Raad in 1538 is bedoel om die dopers vir die Reformasie te behou. „Hun eenzydig op het Nieuw Testament georienteerde schriftopvattingen en hun eeklessiologie staan hen in de weg om hun verwantschap met Calvijn te ontdekken."[43]) Calvyn verbind die ideaal van persoonlike belydenis aan die nagmaal — die dopers verbind perfeksionisme aan die doop.

4.3. Balke haal die Amerikaners Bender en Yoder aan wat in die Doperse reaksie primêr 'n reaksie teen die staatskerk sien en

daarom begin die reaksie juis in Zürich rondom Zwingli. Hierdie reformasie word dan 'n **radikale genoem** wat uit die volk opkom, terwyl dié van Zwingli, Luther en Calvyn, wat met die steun van owerhede geskied, 'n magisteriële reformasie is.[44]) „Ondanks al hun verschillen hebben deze doperse groepen allen gemeenschappelijck een brandend verlangen naar de komst van het koninkrijk van God."[45]) „The Radical Reformationl... can be considered as historical entity in its own right and is to be diffirentiated from 'the Magisterial Reformation' of the territorial churches. From all sides... we are coming to recognise in the Radical Reformation a major expression of the religious movement of the sixteenth century. It is one that is as distinctive as Lutheranism, Calvinism and Anglicanism, and it is perhaps comparably significant in the rise of modern christianity."[46])

4.4. Die gees van die sestiende eeu teenoor die afwykende en kritiserende strominge wat nie die guns en beskerming van owerhede verkry nie, was miskien die grootste enkele bydraende faktor in die ontstaan van die radikale doperse rigting. Die reformasie was met Luther en Zwingli juis op die punte waarop die dopers aangeval het, nog nie waar Calvyn dit in Geneve sou bring nie. Die metode om die doperse kritiek op swakpunte in die destydse hervormingsstand met geweld en martelaarsskap uit te sny, was soos n' operasie aan 'n lastige letsel. wat juis deur die operasie oorskakel in 'n kwaadaardige gewas. Luther en Zwingli se ongeduld met hierdie kritici gedurende 1524 tot 1525 het die saak van die reformasie skade gedoen, maar hulle moes hulle ook van die anargisme van Müntzer distansieer.

**VERWYSINGS:**


1. H. Bouwman, Anabaptisten, Christelijke Encyclopaedie, Kampen, 1925.
2. E. Hulse, An introduction to the Baptists, Foxton, 1973, p. 10 and 3.
3. E. Bloch, Thomas Münzer, theoloog van de revolutie, Utrecht 1969.
4. M. Steinmetz, Das Müntzerbild von Martin Luther bis Friederich I Engels Berlin 1971.
5. J. H. Landwehr, Zwickau, Chr. Enc., Kampen 1925.
6. Vgl. A. D. Pont, Die reg van opstand by Thomas Müntzer, h.a. Alan Butler, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, S.A. Akademie vir Wtskp. en Kuns, Jg. 14, nr. 1, Maart 1974, bls. 18.
7. Steinmetz, a.w., p. 197.
8. Ibid., p. 201.
9. Bloch a.w., p. 100.
10. Pont a.w., p. 17-22. Bloch, a.w., p. 27 roem M. as baanbreker vir protestantse liturgie.
11. J. C. Wenger, Conrad Grebel's Programmatic Letters of 1524, Pennsylvania 1970.
12. Bloch, a.w., p. 96 e.v.
13. I. B. Horst, The Radical Bretheren. Anabaptism and the English Reformation to 1558. BHR, Nieukoop, 1972 p. 45.
14. Wenger, a.w., p. 11 en 13. Hy verwys na 'n biografie deur Bender en 'n publikasie van nog 70 briewe van hierdie „youthful reformer".
15. W. Walker, A History of the Christian Church, Edinburgh, 1968, p. 326-328. K. S. Latourette, A History of Christianity, New York, p. 781.
16. Walker, a.w., p. 326. Bloch p. 83 beweer Zwingli het simpatiseer en gebreek omdat hulle teen die owerheid 'n bende sou gevorm het.
17. Walker, p. 327.

18. Vgl. Bloch p. 47-68 en Neander, Geschiedenis der Christelijke Godsdienst en Kerk (Vertaal W. C. Mauve), Rotterdam 1858, p. 180 e.v., 341, 380-390.
19. Latourette, a.w., p. 781.
20. Walker, a.w., p. 331.
21. J. H. Landwehr, Denck (Hans) t.a.p. Bloch noem Denck die Apollo onder die dopers.
22. Ibid., p. 329.
23. Latourette, a.w., p. 782.
24. Leopold von Ranke, Deutsche Geschichte im Zeitalter der Reformation, Wien, p. 697.
25. W. Balke, Calvijn en de Doperse Radikalen, Amsterdam 1973, p. 127. Walker, a.w., p. 330.
26. J. H. Landwehr, Hoffman (Melchior), t.a.p. Balke, a.w., p. 129 e.v.: Bloch, a.w., p. 87 e.v. G. P. van Itterzon, De Reformatie, Geschiedenis der Kerk, dl. II, Kampen, p. 222 e.v.
27. Bloch, a.w., p. 87.
28. Balke, a.w., p. 254.
29. H. Kaajan, Matthijsen (Jan), Chr. Enc., Kampen 1925.
30. J. H. Landwehr, Jan van Leiden, t.a.p.
    G. P. van Itterzon, a.w., p. 223.
31. Latourette, p. 782.
32. J. C. Wenger, a.w., p. 14.
33. Latourette, p. 783.
34. Ibid., p. 786.
35. Ernesto Comba, De Waldenzen, hun oorsprong en Geschiedenis. Vertaal uit Italiaans deur Smelik. Kampen 1927, p. 21, 24.
36. Vgl. G. M. den Hartogh, Verval van Krachten, Streven maar Vernieuwing, Geschiedenis der Kerk, Kampen, dl. II, p. 70 e.v.
37. Balke, a.w., p. 26, 30.
38. Den Hartogh, t.a.p., p. 67.
39. Balke, a.w., p. 11.
40. Ibid., p. 33.
41. Ibid., p. 17.
42. Ibid., p. 155.
43. Ibid., p. 76, 96.
44. Ibid., p. 4.
45. Ibid., p. 127.
46. I. B. Horst, a.w., p. 25.